



Waar begin ons met dienslewering aan jong kinders?

Stap 1: Doen 'n Situasië-analise

Hier sal u of die groep die volgende vrae beantwoord:

- Watter hulpbronne het ons? (mense, geboue, finansies)
- Hoeveel tyd het die menslike hulpbron afdeling om betrokke te wees by navorsing en ander hulp?
- Waar is die behoefte wat ons moet aanspreek? (gemeenskap/deel van die dorp)
- Wat is ons droom – wat wil ons bereik ?
- Wat veroorsaak hierdie probleem – bv daar is geen Dagsorgsentrums in die area nie
- Politieke situasie - dit is al hier nodig om met die area se politieke verteenwoordigers kontak te maak sodat hul kan inkoop in die idee ?

Stap 2: Identifiseer die behoefte wat aangespreek moet word

Dit sal beteken dat daar byvoorbeeld 'n huis-tot-huis opname gemaak moet word om te bepaal hoeveel kindertjies word nie by vroeë ontwikkeling betrek nie. Dit is belangrik om hier te bepaal hoeveel tyd en hoeveel mannekrag benodig sal word om te help met die opname.

Hier sal bepaal word

- Watter ouderdom is die grootste behoefte
- Wat is die stand van die ouers/versorgers se inkomste
- Wat is hul verstaan van Vroeë Kind Ontwikkeling
- Dink die ouers/versorgers dat daar 'n VKO sentrum behoort te wees

'n Baie eenvoudige vraelys sal help. Dit is ook baie belangrik om op hierdie stadium geen verwagtinge by die ouers/versorgers te skep nie.

Waarneming speel ook 'n baie belangrike rol. Kyk na hoeveel kindertjies deur die loop van die dag in 'n spesifieke area buite speel, hoe oud is hulle. Hoe lyk die laerskool se slaagsyfer?



Stap 3: Evalueer en beplan doelwitte

Die vraelyste sal nou ge-evalueer word om te bepaal

- Wat was die houding en gesindheid van die groep wat die behoefte het
- Wat is die ouderdomsgroep van die kinders wat krities nou aandag behoort te kry
- Waar kan daar nou begin word om aandag aan die situasie te gee, dit sal natuurlik afhang van die beskikbare hulpbronne soos geïdentifiseer by Stap 1
- Watter curriculum kan gebruik word – begin met navorsing
- Bepaal ook 'n tydraamwerk vir die projek indien die behoeftes geïdentifiseer is. Dit help met die opstel van doelwitte.

Stap 4: Begin momentum kry

Dalk is die finansiering baie beperk – dan word daar voorgestel om op baie klein skaal te begin.

Bv.

Stap 1: Werf dagmoeders en begin 'n tuisprogram terwyl daar gesoek word na 'n geskikte gebou of terwyl daar dalk 'n gebou opgerig moet word.

Stap 2: Terwyl daar 'n formele struktuur opgerig word, kan daar solank aandag gegee word aan die opleiding van die opvoeders.

Stap 3: Indien die gebou voltooi is of bestaande strukture ingerig is, kan die dagmoeders oortrek of kan die dagmoeders se kindertjies die voer wees van die formele struktuur.

Stap 4: Registrasie van die program is nou dringend en moet so spoedig moontlik in samewerking met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gedoen word.

Stap 5: Sodra die gebou en kinders gereed is moet die curriculum in plek wees.

Wenke

1. Notuleer alle gesprekke en vergaderings
2. Die hele gemeenskap en gemeenskapleiers moet altyd deel wees van die proses sodat hul eienaarskap kan aanvaar
3. Vra vir leiding waar nodig – daar is baie mense wat bereid is om te help.
4. Begin klein en gaan groter eerder as om groot te begin en die projek is nie volhoubaar nie. Die strewe moet altyd wees vir volhoubaarheid.
5. Staatsubsidie neem 'n tydjie – moenie vinnige resultate verwag nie



www.ukuba.org